# **Die Burger** se artikels rakende Durbanville-Erfenis vanaf 1986 tot 2009. DEV erken ten volle die Burger se artikels maar in nie verantwoordelik vir feitelike en druk foute. Vir fotos en meer inligting kontak Die Burger se argiewe.

9/12/2009, Tygerburger, Oorwinning vir erfenis, Gesloopte, historiese gebou 'vervang' ..... 2
29/10/2008, Tygerburger, Perseel het nuwe baas ..... 4
22/10/2008, Die Tygerburger, Herrie oor waterpunt ..... 5
23/4/2008, Die Tygerburger, Geen vervolging oor Dash ..... 7
11/7/2007, Die Tygerburger, Vrae gevra oor sloping van Dash, Winkeleienares glo gedreig ..... 8
11/5/2007, Die Burger-Wes, Slopings skaad historiese geboue ..... 10
2/7/2003, Die Burger, Raad moet nou net sê ..... 12
28/11/1987, Die Burger ..... 14
7/10/1988, Die Burger, Aftakeling van ou gebou gekeer ..... 15
13/10/1988, Die Burger, Sloping van ou huis gevra ..... 16
26/10/1988, Die Burger, Sloping: RNG moet sê ..... 17
5/11/1988, Die Burger- Woongids, Geen verskoning vir sloping van geboue, sê kenners ..... 18
13/12/1987, Die Burger, Ou gebou in T'berg moet weg vir winkels ..... 20
7/1/1989, Die Burger-Woongids, Sloping van Victoriaanse huis 'n skreiende skande ..... 21
14/1/1989, Die Burger-Woongids, WORD MET HOFSTAPPE GEDREIG Ontwikkelaars, stadsrade struikelblokke, sê RGN ..... 23
14/1/1987, Die Burger-Woongids, Durbanville het plan om gedoemde huis te red ..... 25
27/1/1989, Die Burger, Ou gebou in D'ville nou gedenkwaardigheid ..... 26
21/7/1990, Die Burger-Woongids, Struweling tussen Pepkor, RNG kom reeds lankal aan ..... 27
21/7/1990, Die Burger-Woongids ..... 28
24/8/1991, Die Burger-Woongids, Oudste skakelhuis in Durbanville nou spog-restaurant ..... 29
27/1/1993, Tygerburger, Durbanville-stadsraad weier sloop-aansoek RNG wil Victoriaanse gebou bewaar hê ..... 30
17/12/1994, Die Burger-Woongids, RNG weier sloping van Durbanville woning,Die eienaar van dié Victoriaanse woning op Durbanville wil hom sloop vir sake-uitbreidings. ..... 31
24/2/2001, Die Burger,Durbanville het sy karakter en individualiteit behou ten spyte van sy fenomenale ontwikkeling ..... 32
8/7/1992, Die Burger, Besonderse boek oor Tygerberg in 1993 Parow-stadsraad skenk R75 000 vir projek ..... 34
19/4/1995, Die Burger, Generous contributing help swell T'berg Fund ..... 35

**9/12/2009, Tygerburger, Oorwinning vir erfenis, Gesloopte, historiese gebou 'vervang'**

Esmé Erasmus

DIE sage oor die historiese gebou op die hoek van Vrede- en Gladstonestraat in Durbanville, wat meer as twee en 'n half jaar gelede onwettig gesloop is, het vandeesweek 'n hoogtepunt bereik toe die eienaar en ontwikkelaar van die beplande Heritage Square, 'n gebou aan die Durbanville-gemeenskap teruggegee het.
Mnr. Anton Mulder, eienaar en ontwikkelaar van dié beplande ontwikkeling van R46 miljoen, het Maandag 'n ooreenkoms met die Durbanville Gemeenskapsforum en Durbanville Erfenisvereniging gesluit dat 'n gebou wat deel vorm van die Heritage Square-ontwikkeling, aan dié organisasies geskenk word om te gebruik tot voordeel van die inwoners van Durbanville.
Grondverskuiwingswerke is in November begin om die perseel – wat omsluit word deur Vrede-, Gladstone-, Short- en Sherstraat – vir bouwerk voor te berei.
Bouwerk sal na verwagting vroeg aanstaande jaar begin en sowat 'n jaar duur, het Mulder aan TygerBurger gesê.
Die planne vir dié winkel-, kantoor- en woonstelkompleks is verlede Vrydag deur die stadsbeplanningsafdeling van die Kaapse stadsraad goedgekeur.
Heritage Square sal bestaan uit vier verdiepings, waarvan twee kelderverdiepings vir ondergrondse parkering, met die hoofingang vanuit Sherstraat.
Die gebou sal twee tot drie verdiepings bokant grondvlak vertoon, afhangende van aan watter straat dit grens.
Op die boonste kelderverdieping in Sherstraat word ook voorsiening gemaak vir twee winkels van sowat 240 m² elk.
Op grondvlak, wat plek-plek effens bokant straatvlak geleë sal wees, sal sowat ses winkelpersele van tussen 100 m² en 200 m² gebou word – wat moontlik deur restaurante en koffiewinkels gehuur sal word – asook kantore.
Die winkels sal 'n piazza of markplein wat met trappe vanaf straatvlak bereik kan word, omring.
Op die eerste bogrondse verdieping sal daar nog kantore wees. Op die tweede bogrondse verdieping sal sowat 14 twee- en drieslaapkamerwoonstelle gebou word.
Die gebou sal gebou word in 'n argitektoniese styl wat aansluit by die styl van omliggende ontwikkelings.
Die historiese gebou, waarin die geskenkwinkel Dash tevore geleë was, is in Maart 2007 oornag gesloop toe mnr. Jorrie Jordaan die eienaar van die stuk grond was. Dit het gelei tot strafregtelike klagte van oortreding van die Erfeniswet teen hom. Die kwessie is ook deur Erfenis Wes-Kaap ondersoek.
Daar is beweer die gebou is per abuis gesloop weens verwarring oor 'n permit vir die sloping van 'n aanliggende gebou.
Erfenis Wes-Kaap het ná 'n sitting as strafmaatreël beslis die gebou moet vervang word met 'n gebou met nagenoeg dieselfde vorm en grootte.
Mnr. Anton Mulder het die perseel in Oktober verlede jaar van Jordaan gekoop en onderneem

om die historiese gebou te vervang.
Die Durbanville Erfenis Gemeenskapstrust sal vroeg aanstaande jaar gestig word om die gebou namens die organisasies te administreer.
Die grondvloer van die gebou sal as kantore benut word of aan ’n gemeenskapsorganisasie verhuur word vir ’n inkomste om uitgawes te dek. Voelers is ook uitgesteek na die Kaapse stadsraad om selfs ’n toerisme-kantoor daar te begin.
Die boonste verdieping sal moontlik gebruik word om artefakte en geskiedkundige materiaal oor Durbanville te stoor of uit te stal.
Mnr. George Sieraha, voorsitter van die Durbanville Gemeenskapsforum, het Mulder met die ondertekening van die ooreenkoms Maandag bedank vir die gebou.
“Dis iets wat ons vir die gemeenskap sal koester,” het hy gesê.
Mnr. Alfred Bester van die Durbanville Erfenisvereniging het gesê erfenis is vir dekades in Durbanville verwaarloos.
“Stedelike kruip sonder verdigting het plaasgevind. Ontwikkelaars van buite het gekyk na maksimum wins ten koste van erfenis.
“Maar ’n bewustheid vir erfenis is nou geskep en dit is noodsaaklk dat daar riglyne is vir die ontwikkeling van die sakekern,” het hy gesê.
’n Brief van mev. Denise Robinson, stigtersvoorsitter van die Durbanville Erfenisvereniging, is voorgelees waarin sy die skenking as ’n mylpaal in die geskiedenis van dié vereniging beskryf het.
. Sien foto van die ondertekening van die ooreenkoms vir die erfenisgebou op bl. 12.

**29/10/2008, Tygerburger, Perseel het nuwe baas**

Esmé Erasmus

DIE perseel op die hoek van Vrede- en Gladstonestraat in Durbanville waarop ’n historiese gebou verlede jaar onwettig gesloop is, het ’n nuwe eienaar.
Volgens mnr. Anton Mulder van Anton Mulder Konstruksie het hy sowat ’n week en ’n half gelede ’n koopbrief vir die perseel geteken.
Mnr. Jorrie Jordaan was die eienaar van die perseel in Maart 2007 toe die historiese gebou daarop waarin die geskenkwinkel Dash geleë was, oornag gesloop is.
Daar is destyds beweer die gebou is per abuis gesloop weens verwarring oor ’n permit vir die sloping van ’n aanliggende gebou (waarin Valmary-slaghuis geleë was).
Erfenis Wes-Kaap het ná ’n sitting as strafmaatreël beslis die gebou moet vervang word met ’n gebou wat nagenoeg dieselfde vorm en grootte het.
Die perseel was sowat twee weke gelede ook onder skoot omdat ’n waterpunt na die perseel aangelê is terwyl bouplanne nog nie goedgekeur is nie.
Verlede Donderdag was omringende winkeleienaars, waaronder die Palm Grove-winkelsentrum, weer die josie in, omdat hulle gedink het hulle watertoevoer is afgesny.
By Pooch Parlour het die eienaar meer as R2 100 skade gely toe hy sy vierpotige klante, wat daar was vir hul gereelde mooimaaksessie, onverrigtersake moes huis toe stuur.
Ook die Serendipity-haarsalon het klante verloor, omdat daar geen water was nie.
Volgens mnr. Ed Albertyn, distriksbestuurder van water en sanitasie van die Kaapse stadsraad, was die watertoevoer af, omdat ’n waterpyp per abuis raakgeboor is en moes die watertoevoer afgesluit word om dit te herstel.
Volgens Mulder beplan hy om nuwe bouplanne in te dien. Hy beoog ook om ’n replika van die historiese gebou te bou en dit aan die Durbanville Erfenisvereniging te skenk vir gebruik.

**22/10/2008, Die Tygerburger, Herrie oor waterpunt**

Esmé Erasmus

BOU-AKTIWITEITE by die perseel in Vredestraat waarop ’n historiese ou gebou sowat ’n jaar en half gelede sonder toestemming oornag gesloop is, het beswaarde inwoners laat regop sit.
Die historiese gebou, waarin die geskenkwinkel Dash tevore geleë was, is in Maart 2007 in die nag gesloop.
Die eienaar van die grond het beweer die gebou is per abuis gesloop nadat ’n permit vir die sloping van ’n aanliggende gebou (waarin Valmary-slaghuis vantevore geleë was) bekom is.
Erfenis Wes-Kaap het daarna ná ’n sitting die Kaapse stadsraad die skuld gegee vir die sloping, omdat die slopingspermit van die bou-ontwikkelingsafdeling nie die voorwaardes van Erfenis Wes-Kaap – dat die aanliggende gebou behou moet word – bevat het nie.
Al stappe wat teen die eienaar ingestel is, is dat hy die gebou moet vervang met ’n gebou wat nagenoeg dieselfde vorm en grootte het.
’n Strafregtelike klag van oortreding van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, wat deur die Durbanville Erfenisvereniging ingedien is, word tans deur die direkteur van openbare vervolging oorweeg.
Sowat ’n maand gelede is die teerstraat voor die perseel gedeeltelik opgekap en ’n waterpyp onderdeur die pad na die erf aangelê. Die grond van die perseel is ook gelyk gemaak.
Volgens mnr. Alfred Bester van die Durbanville Erfenisvereniging het hy by die Kaapse stadsraad beswaar gemaak indien enige planne goedgekeur is of teen enige ontwikkeling op die perseel, weens die hangende strafregtelike klagte teen die grondeienaar.
“Volgens dié wet is die grondeienaar nie eens gemagtig om ’n kraan op die perseel op te rig nie, omdat dit neerkom op ontwikkeling. Die stadsraad moes dit nie toegelaat het nie,” het hy gesê.
Mnr. Charles Rudman, distriksbestuurder van beplanning en bou-ontwikkelingsbestuur van die Kaapse stadsraad, het bevestig die grondeienaar is besig om die erf voor te berei met die oog op herontwikkeling.
’n Waterdienspunt is deur die eienaar aangelê na die perseel, het hy gesê. Geen bouplanne is egter nog goedgekeur nie.
“Die daarstel van dienstepunte vir ’n erf is egter nie onderhewig aan die goedkeuring van bouplanne nie, het Rudman gesê.
Volgens hom is dit onwaarskynlik dat die bouplanne goedgekeur kan word soos dit tans ingedien is, omdat dit neergelegde ontwikkelingskriteria oorskry.
“Volgens beskikbare inligting is daar met die hersonering van die persele in die vroeë jare negentig beperkende voorwaardes opgelê wat die vloeroppervlakte en die dekkingsfaktor in geval van herontwikkeling van die persele voorskryf. Die bouplanne voldoen nie aan dié voorwaardes nie.”
Ondanks hangende strafregtelike klagte oor die sloping van die historiese gebou teen die

grondeienaar, is die stad verplig om die bouplanne goed te keur as planne ingedien word wat voldoen aan al die vereistes van die nasionale bouregulasies, sowel as die soneringsvoorwaardes én die vereistes van Erfenis Wes-Kaap, het Rudman gesê.
Volgens Rudman maak die bouplanne wat ingedien is, voorsiening vir kleinhandeldienste van sowat 1 109 m² op grondvlak, asook twee verdiepings vir kantore met ’n gesamentlik vloeroppervlakte van 1 654 m². Daar word ook voorsien vir kelderparkering van 1 844 m².
“Voorsiening word ook gemaak in die bouplanne om die gebou te vervang met ’n identiese gebou in dieselfde posisie as die gebou wat gesloop is.
“Die voorgestelde vervangingsgebou voldoen aan al die vereistes soos neergelê deur Erfenis Wes-Kaap,” het Rudman gesê.
Die grondeienaar het ingestem om grond af te staan vir die verbreding van Gladstone- en Vredestraat.
“Dit was ’n vereiste van die hersoneringsgoedkeuring . . . Dit word gesien as deel van verantwoordelike stedelike bestuur en is nie ’n ruiltransaksie om die plan goedgekeur te kry nie,” het hy gesê.

## 23/4/2008, Die Tygerburger, Geen vervolging oor Dash

Esmé Erasmus

DIE stof wil maar net nie gaan lê nie ná die middernagtelike, onwettige sloping in Maart 2007 van die historiese gebou in Vredestraat, Durbanville, waarin die winkel Dash tevore geleë was.
Die Durbanville-polisie het onlangs die Durbanville Erfenisvereniging – wat die eienaar van die gebou, mnr. Jorrie Jordaan, van oortreding van die Erfeniswet aangekla het – per brief verwittig dat geen vervolging ingestel gaan word nie.
Geen redes is vir dié stap gegee nie.
Op navraag van TygerBurger aan die Bellville-landdroskantoor, wat die aanbeveling ondersteun het, het dit geblyk dat die senior aanklaer wat dié beslissing gemaak het, geen kennis van die Erfeniswet het nie.
Die aanklaer het laat blyk dat hy nie gedink het daar is enige meriete in die klagte nie, omdat dit ná konsultasie met die ondersoekbeampte gelyk het na ’n geval waar die eienaar van die grond, wat daarop wou ontwikkel, bloot sy regte uitgeoefen het om die bestaande ou gebou daarop te sloop.
Die Durbanville Erfenisvereniging het egter nou die direkteur van openbare vervolging versoek om sy besluit te heroorweeg.
Volgens mnr. Alfred Bester, komiteelid belas met dié aangeleentheid, is hy telefonies deur adv. Anthony Stephen van dié kantoor ingelig dat die saak deeglik ondersoek en heroorweeg sal word.
Die gebou is gesloop nadat ’n permit vir die sloping van aanliggende gebou, waarin Valmary-slaghuis vantevore geleë was, bekom is.
Omliggende winkeleienaars het destyds gesê die gebou moes in die nag gesloop gewees het, aangesien selfs die bourommel vroeg die volgende oggend verwyder was.
Die eienaar van die grond het beweer die gebou is per abuis gesloop.
Erfenis Wes-Kaap het daarna ná ’n sitting die Kaapse stadsraad blameer vir die sloping, omdat die slopingspermit van die bou-ontwikkelingsafdeling nie die voorwaardes van die Erfenis Wes-Kaap – dat die aanliggende gebou behou moet word – bevat het nie.
Al stappe wat teen die eienaar ingestel is, is dat hy die gebou moet vervang met ’n gebou wat rofweg dieselfde vorm en grootte het.
Planne vir die ontwikkeling van ’n kantoor- en winkelsentrum op die perseel is intussen ingedien, maar is nog nie deur die Kaapse stadsraad goedgekeur nie.

**11/7/2007, Die Tygerburger, Vrae gevra oor sloping van Dash, Winkeleienares glo gedreig**

Esmé Erasmus

DIE dag voordat die historiese gebou in Vredestraat, Durbanville, “per abuis” gesloop is, is na bewering reeds aan die eienaar van ’n koffiewinkel genoem dat dit gaan plaasvind.
Dié gebou, waarin Dash geleë was, is einde Maart in die nag gesloop.
Volgens die ontwikkelaar, mnr. Jorrie Jordaan, wat die kontrakteur vir die sloping aangestel het, was die sloping per abuis. Die kontrakteur het glo instruksies verkeerd verstaan en pleks van net die Valmary Slaghuis-gebou, ook die aanliggende Dash-gebou gesloop.
Mev. Belinda van Eeden, eienaar van die Serendipity-koffiewinkel, het gesê sy is die dag voor die sloping deur ’n man, wat gesê het hy “is die voorman”, gesê dat die gebou gesloop gaan word.
Hy het volgens haar gedreig dat die gebou, waarin haar koffiewinkel is, ook nog voor die einde van die jaar gesloop sal word.
“Hy het gesê ek gaan nog eendag daar aankom, dan is die plek plat,” het sy gesê.
Volgens haar was die Dash-gebou die een dag nog daar en toe sy die volgende oggend omstreeks 07:00 by haar winkel aankom, was dit gesloop. Selfs die bourommel was ook verwyder.
“Ek was so geskok,” het sy gesê.
Nóg ’n onaangenaamheid het Van Eeden dié oggend begroet. Iemand het ’n bakkievrag gemors, wat vir haar gelyk het soos ’n mengsel van sement en verrotte dierlike afval, op die hele stuk sypaadjie reg voor haar koffiewinkel gestort.
Dit het haar en helpers ure geneem om skoon te maak en sy moes daarna die besems weggooi, omdat die sement daarin hard geword het.
Volgens Van Eeden het sy gesien die kontrakteur, wat besig was om die gebou van die Valmary-slaghuis te sloop, stamp-stamp teen die Dash-gebou langsaan.
Toe sy ’n man – wat gesê het hy is die voorman – daaroor konfronteer en gesê het die gebou is ’n historiese monument en hy gaan ’n swaar boete kry, het die man net gelag en gesê dis kleingeld vir die ontwikkelaar en dat hy “buitendien die munisipaliteit in sy sak het”.
Die huis waarin die koffiewinkel geleë is behoort aan mnr. Albert Coetzee, voorheen die eienaar van die Al Casa-restaurant, wat gesloop is om plek te maak vir die nuwe Spiro’s-gebou.
Dit is nou ál gebou op die stuk grond wat begrens word deur Gladstone-, Vrede-, Scher-, en Kortstraat. Laasgenoemde stuk grond behoort aan Jordaan.
Volgens Coetzee het hy Jordaan, wat gereeld by sy restaurant geëet het, oorspronklik genader om saam met hom die stuk grond te koop en te ontwikkel.
Hy het toe reeds vir ongeveer drie jaar met die eienaar van die huis, mnr. Neville Scher, oor die transaksie onderhandel.
Jordaan het hom egter toe voorgespring en self die grond gekoop.
Coetzee het toe slegs die huis op die hoek van Kort- en Sherstraat in Junie 2006 kon koop.

Volgens Coetzee beplan hy om die huis later te sloop en ’n drieverdieping-ontwikkeling met parkering en sake- en residensiële eenhede te doen.
Jordaan het by navraag gesê hy het geen voormanne wat vir hom werk nie en is ook nie bewus van enige afval wat op die sypaadjie gestort is nie.

**11/5/2007, Die Burger-Wes, Slopings skaad historiese geboue**

DIE Drakensteinse munisipaliteit het pas beweerde ongemagtigde bouwerk op ’n baie belangrike historiese opstal in die Paarl-Dal Josafat-omgewing, Helena, stopgesit.
Bouwerk op nog twee ander historiese plase in die Drakensteinse jurisdiksiegebied word tans ondersoek nadat klagtes van ongemagtigde bouwerk aangemeld is.
Eiendomme het vertroulik verneem dat ’n bou-inspekteur van die munisipale bouafdeling die beweerde ongemagtigde bouwerk op Helena stopgesit en dit onder die aandag gebring het van Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale owerheid wat onder meer oor historiese eiendomme waak.
Geen bouplanne is glo by die munisipaliteit ingedien nie. ’n Baie ou skuur en wynkelder op Helena is glo deels gesloop en ’n baie ou Victoriaanse veranda is na bewering van die herehuis se voorkant verwyder. Geen aansoek is glo gedoen vir die goedkeuring van die sloping nie en geen slopingspermit is deur die owerhede daarvoor uitgereik nie, is verneem.
Die historiese plaas Helena in Dal Josafat is tans die eiendom van ene mnr. Buddy Smit van Pretoria.
Die buitegebou, ’n skuur en wynkelder van omstreeks 1820, is glo sodanig verander dat dit op sloping neerkom. Die hele gebou is met moderne steenwerk tot vier woonstelle verbou, die argitektoniese karakter van die ou gebou is totaal geskend, en onvanpaste dakvensters is ingebou, word verneem. Ook is die endgewels glo verbou.
Die oorspronklike populierbalke is na bewering verwyder en lê eenkant in ’n vark- of kalwerhok. Voorts is die veranda, versier met buitengewoon mooi kantagtige uitsnywerk van hout, glo gesloop.
David Petrus du Toit, familie van die taalpionier S.J. du Toit van die naburige plaas Kleinbosch, waar die gerestoureerde Hugenote-Gedenkskool staan, het ’n deel van die ou familieplaas vroeg in die 1800’s gekoop en dit na sy vrou, Helena, genoem. Die L-vormige plaashuis en die wynkelder-skuur is in dieselfde tyd opgerig.
Volgens die navorsing van die Stellenbosse argeoloog mnr. Hennie Vos is die twee geboue waarskynlik reeds voor 1820 gebou. Hy meld dat die plaashuis geelhoutbalke en -plafonne het, en die deure is van ’n neoklassieke ontwerp. Die wynkelder-skuur het ’n brandsolder van riet en klei gehad toe hy dit indertyd vir navorsingsdoeleindes besoek het.
Sy navorsing oor Kleinbosch en die omliggende Hugenote-plase is in De Kleijne Bos, Dal Josaphat, Klein-Drakenstein: An Historical Journey of a Farm, its People, Places and Buildings gepubliseer.

INTUSSEN het dit ook onder Eiendomme se aandag gekom dat twee bewarenswaardige geboue in die sentrum van Durbanville betreklik onlangs gesloop is. Een is ’n ou woning in Sherstraat, en die ander ’n bekende ysterwarewinkel by die kruising van Durbanweg met Wellingtonstraat. Durbanville se sakekern het oor die laaste twintig jaar talle van sy pragtige historiese wonings verloor weens die sloping van bewarenswaardige geboue.
Bewaringsbewustes is ontsteld én beswaard omdat daar na hul oorwoë mening geen regverdiging vir die sloping van die geboue was nie.

Een van die verlore wonings, in 1996 gesloop, het langs die winkel gestaan en was die eiendom van dieselfde welvarende sakeman. ’n Ander belangrike gebou was die imposante Victoriaanse woning en spreekkamers van Durbanville se eerste heeltydse dokter. Dit is in Januarie 1989 gesloop, en in sy plek het ’n moderne winkelsentrum met geen betekenisvolle argitektoniese meriete nie, verrys.
Baie onbeantwoorde vrae is indertyd gevra oor die versuim van die destydse Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede om, ten spyte van waarskuwings en pleidooie van bewaringsbewustes, te voorkom dat die dokterswoning eers verniel en toe gesloop word. Dieselfde soort vrae word nou weer gevra oor die rol van Erfenis Wes-Kaap, wat glo betreklik maklik ’n slopingspermit vir die huis in Sherstraat uitgereik het. Navrae by dié instansie oor die slopings was by die ter perse gaan nog nie beantwoord nie.

**2/7/2003, Die Burger, Raad moet nou net sê**

**JOANNA TROOST**

DIE slopingskontrak is goedgekeur, die finansiering is reg. Nou wag Attfund, langtermynbeleggingsfonds, net op die stadsraad se goedkeuring.

Só sê mnr. Gerhard Jooste, besturende direkteur van Atterbury Cape (aandeelhouers in Attfund), oor die beoogde ontwikkeling by erwe 975 en 976 in Kenridge, bekend as die Ou Tronk.

"Dis 'n wonderlike stuk grond wat daar lê," sê Jooste terwyl hy op die rekenaar soek na foto's van die "ongelooflike" rivier wat oor dié terrein vloei.

Dié grond -- 70 000 m -- is sowat sewe jaar gelede deur Propnet gesoneer, vertel hy. Sowat 21/ 2 jaar gelede is 'n ooreenkoms oor ontwikkeling met Propnet aangegaan.

Verskeie opsies is oorweeg: die sonering vir 47 000 m2 het vir kantore, winkels, restaurante en wooneenhede voorsiening gemaak. Daar is gekyk na wat die behoefte is in Durbanville en by die Tygervalleisentrum en die besluit is geneem: daar sou 'n leefstylsentrum kom. "En net 16 000 m2 gaan ontwikkel word." Die ontwikkeling van die Tygervallei-lewenstylsentrum is gebaseer op navorsing van sowat 27 inkopiesentrums in Amerika. Dit sal aanvullend tot die Tygervallei-sentrum wees, met 28 spesialis kleinhandel-winkels en 'n kwekery van 10 000 vierkante meter.

Die sentrum skakel met die Elsieskraalrivier en só word 'n aaneenlopende groen park geskep. Baie mense gaan stap en draf by die Angelierparkdam. Die idee is dat die dam "invloei" met die groen gebied. Sekerheidskameras sal op plekke geplaas word wat sal bydra tot 'n veilige omgewing waar gesinne rustig kan ontspan.

Volgens Jooste is aandag gegee aan voorstelle van die gemeenskap. Die parkering -- daar sou 3 522 parkeerplekke wees -- is tot 900 verminder en groot bome sal geplant word sodat dit minder sigbaar is. 'n Gebou sal op diehoek opgerig word om die gevoel van parkering te breek. Die parkeerterrein sal versag word met die skep van 'n opelug-mark, waar mense Saterdae produkte kan verkoop.

"Ons gooi ook die rug van die geboue na Bellwaterpark sodat aktiwiteite voor plaasvind." Die vlak teenaan Bellwaterpark sal sowat 5 meter laer wees en lugreëlingseenhede sal só geplaas word dat dit nie steurend is nie.

En wat gaan word van die koraalbome by die Old Oak-ingang en die waghuisies wat so besonders is?

Die plan is dat die groot koraalbome die fokus is tussen die inen uitgang na die sentrum, beduie Jooste.

En die waghuisies sal gebruik word as fokuspunte by die ingang.

Permitte is vir die sloping ontvang, en dit sal binne die volgende twee weke begin, sê Jooste.

Spesiale maatreëls sal getref word om die impak van stof en geraas op omliggende inwoners te minimaliseer.

## 28/11/1987, Die Burger

Dalk oudste in woongebied Durbanville-huis moet bly - RGN Van Ons Tygerbergse Kantoor DURBANVILLE. - Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) is gekant teen die sloping van 'n vervalle huis in Oxfordstraat, wat volgens die raad dalk die oudste woonhuis in dié woongebied is. Die RNG het dié standpunt ingeneem nadat die stadsraad vroeër vanjaar 'n aansoek van die eienaar om die gebou te sloop voorlopig geweier en vir kommentaar en 'n aanbeveling na die RNG gestuur het. Die eienaar, mnr. W.F.J. Steyn, het ook verlede jaar vertoë tot die stadsraad gerig dat die erf vir sakedoeleindes gehersoneer word. Die stadsraad het dit toe ook geweier. Volgens die RNG is die gebou van historiese waarde en mag dit nie sonder 'n permit van die Monumentekommissie gesloop word nie. Die RNG het die hoop uitgespreek dat die eienaar, die munisipaliteit en die Monumentekommissie tot 'n ooreenkoms kan kom in die belang van bewaring in Durbanville. Die stadsklerk, mnr. Dennis Smit, het vandeesweek gesê dit berus nou by die eienaar om die stadsraad en die RNG te oortuig dat die sloping van die gebou wenslik of noodsaaklik is. Volgens mnr. Smit is die stadsraad bewus daarvan dat die gebou in 'n haglike toestand is. Indien niks daadwerkliks gedoen word nie, kan die gebou in só 'n mate verval dat dit in elk geval nie meer bewaar sal kan word nie. Die stadsraad kan nie die gebou aankoop nie omdat sy begroting nie daarvoor voorsiening maak nie. Die stadsraad is nie alleen verantwoordelik vir bewaring en restourasie nie. Dis ook 'n verantwoordelikheid wat op die eienaar rus, het mnr. Smit gesê. Met die voorgestelde verbreding van Oxfordstraat sal dit nie nodig wees om die gebou te sloop nie, het mnr. Smit gesê. Voorlopige sketsplanne van die stadsingenieur dui daarop dat dit wel moontlik is om die straat te verbreed sonder om die geboue in gedrang te bring.

**7/10/1988, Die Burger, Aftakeling van ou gebou gekeer**

FOTO: S/W HET VERSKYN Van Ons Tygerbergse Kantoor DURBANVILLE. - Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) doen tans 'n ondersoek na die historiese en argitektoniese waarde van 'n ou Victoriaanse huis op dié dorp nadat die munisipaliteit vroeër vandeesweek 'n stokkie gesteek het voor die aftakeling van die ou huis. Die Hyperette-groep van Pepkor en Durr-ontwikkelings wil 'n supermark en winkelsentrum met 'n interne slaghuis en bakkery, asook vyf skakelwinkels, op dié perseel in Hoofweg ontwikkel. STAAK Volgens mnr. Dennis Smit, die stadsklerk, is eergister opgemerk dat werkers vensters en deure van dié ou gebou oorkant die munisipale kantore verwyder. Die boubeheerbeampte het toe dadelik ingevolge die betrokke wetsbepalings die sloping of veranderings aan die gebou laat staak. Volgens mnr. Smit het die eienaar nie volgens die normale prosedure by die stadsraad aangesoek gedoen om 'n slopingspermit nie. Mnr. Smit het gesê die aansoek sal aan die Departement van Plaaslike Bestuur en ander betrokke owerhede voorgelê word. Mnr. Hein Ehlers, besturende direkteur van die Hyperette-groep van Pepkor, het gister gesê hy het nog nie met die bouer gepraat nie en hy weet nie waarom van die vensters en deure verwyder is nie. NIE BEWOON ``Daar is in geen stadium instruksies gegee dat die ou gebou gesloop moet word nie. Hoewel ons nog nie finaliteit het oor wat met die gebou gedoen gaan word nie, het ons verskeie opsies. ``Dit kan geïnkorporeer word by die sentrum of kan platgeslaan word. Ons het die eiendom, wat vir kommersiële doeleindes gesoneer is, sonder enige beperkings gekoop. 'n Foutiewe indruk word gewek dat dit 'n woonhuis is, want dit is die afgelope tien jaar al nie meer bewoon nie." Die huis is teen die eeuwending deur 'n dokter bewoon. Mnr. George Hofmeyr, direkteur van die RNG, het bevestig dat die RNG 'n ondersoek doen na die historiese en argitektoniese belang van die huis.

**13/10/1988, Die Burger, Sloping van ou huis gevra**

Van Ons Tygerbergse Kantoor DURBANVILLE. - Die ontwikkelaar van 'n supermark en winkelsentrum op dieselfde perseel as 'n ou Victoriaanse huis hier in Hoofweg, gaan by die stadsraad aansoek doen om 'n slopingspermit om dié ou gebou te sloop. Só het mnr. Hein Ehlers, besturende direkteur van die Hyperette-groep van Pepkor, gister gesê. Dié groep wil 'n supermark en winkelsentrum met 'n interne slaghuis en bakkery, asook vyf skakelwinkels op die perseel ontwikkel. Die munisipaliteit het verlede week inderhaas die uitbreek van vensters en deure by die ou huis stopgesit. Ná dié besluit van die stadsraad het mnr. Ehlers gesê geen instruksies was gegee om die ou gebou te sloop nie. Mnr. Ehlers het gister egter gesê die maatskappy gaan nou aansoek doen om 'n slopingspermit omdat die ou gebou in die middel van die perseel geleë is. 'n Kommersiële entiteit wat lewensvatbaar is sal nie daar opgerig kan word indien dit behoue bly nie. Mej. Hannetjie du Preez, Wes-Kaaplandse Verteenwoordiger van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG), het gesê hierdie ou voormalige dokterswoning is ingesluit by 'n lys van moontlike bewaringswaardige gebou op die dorp. Volgens mej. Du Preez wag die RNG tans op enige aansoeke van die eienaar in verband met die gebou.

**26/10/1988, Die Burger, Sloping: RNG moet sê**

Van Ons Tygerbergse Kantoor DURBANVILLE. - Die toekoms van 'n ou Victoriaanse huis hier in Hoofweg is steeds in die weegskaal. Die stadsraad het vandeesweek besluit om nie 'n slopingsbevel uit te reik nie, maar die aangeleentheid na die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) te verwys. Dié besluit volg op 'n aansoek van die ontwikkelaar van 'n supermark en winkelsentrum op dieselfde perseel as die ou huis, om 'n slopingspermit om die ou gebou te sloop. ONTWIKKEL Die raad het verder besluit om die bouplanne wat die ontwikkelaar, die Hyperette-groep van Pepkor, voorgelê het vir goedkeuring, aan hom terug te stuur omdat daar nog nie klaarheid oor die ou huis is nie. Dié groep wil 'n supermark en winkelsentrum met 'n interne slaghuis en bakkery, asook vyf skakelwinkels op die perseel ontwikkel. VERWYDER Vroeër vandeesmaand het die eienaars begin om die gebou, wat vermoedelik uit die Victoriaanse tydperk dateer, te sloop sonder dat verlof daarvoor verkry is. Die raad se boubeheerbeampte het kort daarna 'n kennisgewing op die eienaars en die slopers gedien om die sloping te staak, maar in daardie stadium was die deure en vensters van die gebou reeds verwyder. In 'n verslag oor bewarenswaardige geboue wat 'n aantal jare gelede deur die RNG saamgestel is, is aanbeveel dat die betrokke ou huis bewaar moet word. PLANNEKOMITEE Volgens die stadsraad heers daar waarskynlik redelike belangstelling vir die gebou by die RNG, aangesien dié organisasie onlangs die stadsklerk, mnr. Dennis Smit, genader het om die agtergrond oor die aangeleentheid vas te stel. Mnr. George Hofmeyr, direkteur van die RNG, het gister gesê die RNG het verneem dat die aangeleentheid na hom verwys is. ``Indien dit so is, sal ons die saak verder ondersoek. Die RNG se plannekomitee sal dan daaraan oorweging skenk."

**5/11/1988, Die Burger- Woongids, Geen verskoning vir sloping van geboue, sê kenners**

FOTO: KLEUR HET VERSKYN Deur MARTIENS VAN BART SUID-AFRIKA kan dit nie meer bekostig dat ontwikkelaars voortgaan om sy hulpbronne te vermors soos in die verlede nie, en dit maak net nie sin dat waardevolle geboue gesloop word om ander in hul plek te bou nie. Die gepaste houding vir die toekoms in dié verband is dat bestaande geboue opgeknap en opgradeer word. Só sê mnr. Ron Henderson, besturende direkteur van Time Projects, 'n filiaal van die Time Holdings Groep van Johannesburg, wat bestuurs- en finansiële dienste aan die handel, nywerheid, mynwese en residensiële sektor verskaf en wat op die aandelebeurs genoteer word. Dié uitspraak is water op die meul van bewaringsbewustes oor die hele land wat jaar vir jaar feitlik magteloos moet toekyk hoe ontwikkelaars onder die vaandel van ``vooruitgang'' Suid-Afrika se waardevolle kultuurerfenis aan geboue en huise vernietig. In Kaapstad is al die oë tans op die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) gerig wat tussen die behoud of sloping van 'n aantal bewaringswaardige historiese geboue in die oudste deel van die sentrale sakesentrum staan. Dit is terselftertyd ook die geval van 'n Victoriaanse huis op Durbanville en 'n imposante herehuis in Parktown, Johannesburg. Die ontwikkellaar Equikor het in Kaapstad toestemming van die RNG gevra om minstens twee historiese geboue op 'n perseel aan Breestraat en die Waterkant te sloop sodat 'n hoogs moderne gebou - wat selfs 'n wolkekrabber van beton, glas en chroom kan wees - opgerig kan word. Geen amptelike bouplanne is tot dusver by die stadsraad ingedien nie. Die raad moet ook besluit of hy dit gaan toelaat dat 'n supermark in die plek van 'n historiese Victoriaanse huis in Durbanville opgerig gaan word. Dié huis wat besonder goed behoue gebly het en wat regoor die dorpsbiblioteek geleë is, het 'n groot rol as dokterswoning in die geskiedenis van Durbanville gespeel. Drie pragtige gietyster-kaggels, deure en vensters is reeds uit die huis verwyder voordat die plaaslike stadsraad daarvan te wete gekom het en die slopers gekeer het. In Parktown, Johannesburg, is die toekoms van 'n herehuis van 'n mynmagnaat uit die dae van die goudstormloop ook in die hande van die RNG. Die woning wat in 1904 gebou is, gaan gesloop word as 'n ontwikkelaar sy sin kry. Die erf het sakeregte van die Johannesburgse munisipaliteit verkry. Minstens twaalfduisend bewaringsbewustes aan die Rand het reeds hul teenkanting teen die beoogde sloping op skrif gestel deur versoekskrifte te onderteken wat aan mnr. Hendrik Sloet, voorsitter van die bestuur van die RNG en voorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), oorhandig is. Mnr. Johnathan Scott, projekbestuurder van Time Projects, sê dat die struktuur van 'n gebou sowat 35 persent van sy totale koste beloop. Die mate waartoe 'n gebou opgeknap en vernuwe moet word, hou verband met sy beoogde toekomstige doel. Inisiatief is dikwels die wagwoord vir 'n kostebesparende vernuwingsprojek aan 'n bestaande gebou. Boonop is vernuwing baie dikwels moontlik sonder om bestaande huurders te laat verhuis - en só word 'n voortgesette inkomste uit daardie oord verkry. Wanneer 'n ontwikkelaar 'n gebou afbreek en huurders só dwing om elders kantoorruimte te vind, is daardie huurders vir hom verlore - selfs al is sy nuwe gebou hoe gerieflik. Effektiewe projekbestuur is van die grootste belang by die vernuwing van 'n gebou, sê hy. Mnr. Rolf Frölich, besturende direkteur van Rolf Fröhlich Konstruksie, 'n groot konstruksiemaatskappy wat spesialiseer in die opgradering en vernuwing van bestaande geboue, sê dat die vernuwing van bestaande geboue die ideale manier is om onekonomiese geboue op sentraal-geleë sake-erwe weer lewensvatbaar te maak. (Sien in dié verband die foto op bl.1.) Dit is 'n bewese feit dat opgegradeerde kantore 'n groter beleggings-omset lewer deurdat 'n beter gehalte huurder

vir langer tydperke teen hoër huurtariewe getrek word. Vir 'n relatief beskeie belegging kan 'n gebou se funksionele lewe aansienlik verleng word en sy dienste en werkstoestande gemoderniseer word, sonder om die wesenlike, oorspronklike karakter daarvan te verander. En in die proses van vernuwing kan kantore só aangepas word dat elke huurder se behoeftes bevredig word, sê mnr. Fröhlich. Volgens mnr. Henderson is die beginsel van vernuwing van ou geboue vinnig besig om veld te wen. Daarom is dit baie belangrik dat ontwikkelaars hiervan kennis neem en klassieke, tydlose argitektoniese style uitkies wanneer nuwe geboue opgerig word. Dit sal meebring dat die gebou in die toekoms ontelbare kere vernuwe en verander kan word om in toekomstige behoeftes, modes en omstandighede te voorsien. Ontwikkelaars moet leer om toekomsgerig te ontwerp en te bou, sê hy. Die eienaar van drie historiese geboue aan die Waterkant in die Kaapse middestad en wat grens aan die geboue wat Equikor wil sloop, mnr. Rohan Wade, sê hy is baie besorg oor sy geboue, waarvan een uit 1884 dateer. Al die geboue aan daardie straatfront is egter voor of met die eeu-wending gebou. Dit is slegs een blok van die historiese Lutherse kerk-kompleks geleë. Hy het begin om hulle op te knap en is nou bevrees dat die sloping en beoogde ontwikkeling - wat gewoonlik met die gebruik van plofstof gepaard gaan - die geboue kan beskadig. Hy is sterk teen die sloping van die ou geboue gekant. Die geboue wat na verneem word op die slopingslys geplaas is, is 'n Victoriaanse dubbelverdieping gewel-gebou wat uit 1887 dateer (dit was egter reeds in 1884 'n enkelverdieping) en die sogenaamde Stephan's-gebou, ook van twee verdiepings. Laasgenoemde is voor 1862 gebou en is vermoedelik in 1910 uitgebou en die fasade gewysig. Met ter perse gaan het die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede nog nie gereageer op navraag van Woongids wat die toekoms van die geboue is nie.

**13/12/1987, Die Burger, Ou gebou in T'berg moet weg vir winkels**

Van Ons Tygerbergse Kantoor DURBANVILLE. - 'n Ou Victoriaanse gebou hier in Hoofweg gaan waarskynlik gesloop word nadat die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) bevind het dat die huis te erg beskadig is om op die bewaring daarvan aan te dring. Die stadsraad het gister in die lig van dié bevinding besluit dat hy geen ander keuse het nie as om die sloping van die huis by die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke in die Administrasie van die Volksraad aan te beveel. Die ou huis met sy sterk Victoriaanse karaktertrekke is vermoedelik ouer as vyftig jaar. Dit moet nou plek maak vir 'n supermark en 'n winkelsentrum. Die Hyperette-groep van Pepkor wil 'n supermark en winkelsentrum met 'n interne slaghuis en bakkery, asook vyf skakelwinkels, op die perseel ontwikkel. Die lot van die gebou het vroeg in Oktober vir die eerste keer ter sprake gekom toe opgemerk is dat werkers vensters en deure verwyder. Die munisipale boubeheerbeampte het toe dadelik ingevolge die betrokke wetsbepalings die sloping aan die gebou laat staak. Op 24 Oktober het die raad 'n aansoek van die ontwikkelaar ontvang vir die sloping van die huis. Omdat die huis moontlik ouer as vyftig jaar is, het die raad besluit om die aansoek na die RNG te verwys. Luidens 'n brief van die direkteur van die RNG, mnr. George Hofmeyr, het verteenwoordigers van die RNG op 2 Desember die gebou geïnspekteer. ``Uit wat waargeneem kon word, is dit duidelik dat die gebou sodanig beskadig is dat die RNG nie op die bewaring daarvan kan aandring nie. Derhalwe is met groot teensinnigheid besluit dat die sloping nie teengestaan sal word nie."

**7/1/1989, Die Burger-Woongids, Sloping van Victoriaanse huis 'n skreiende skande**

FOTO: KLEUR HET VERSKYN FOTO: S/W HET VERSKYN OP BL.2 Deur MARTIENS VAN BART 'n ONRUSBARENDE en terselftertyd onhoudbare situasie het pas ontstaan deurdat die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede besluit het om die sloping van die historiese Victoriaanse dokterswoning in die hartjie van Durbanville eersdaags toe te laat. Die rede vir die uitreiking van sy slopingspermit, sê die RNG, is dat die eienaar van die perseel toegelaat het dat onder meer vensterrame, deurrame en antieke kaggels sonder toestemming van die raad - en met die verbreking van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede - uit die huis verwyder word en dat die huis in die proses erg beskadig word. Die RNG sê aangesien die gebou beskadig is, gaan hy (die raad) nie daarop aandring dat dit bewaar word nie en hy gaan die algehele sloping ook nie keer nie. Voornemende ontwikkelaars wat geen respek het vir histories belangrike en bewaringswaardige geboue nie en net daarin belang stel om soveel rande as moontlik uit 'n perseel te wring, het klaarblyklik nou 'n kitsresep om in die toekoms ongestoord met hul vernietigingswerk voort te gaan: sloop ten dele sonder die nodige toestemming en wag dan vir die RNG om spoedig die groen lig te gee vir finale sloping. 16 APRIL Woongids het reeds so vroeg as 16 April verlede die aandag van die publiek gevestig op die voorneme van die ontwikkelaar om die huis in Durbanville te sloop en 'n supermark daar op te rig. 'n Foto is ook van die mooi ou huis geplaas, wat toe nog ongeskonde was en indertyd benut was as hoofkwartier van 'n tuindienstesaak. 'n Ondersoek na die geskiedenis van die huis is toe ook gedoen en gepubliseer. 'n Kopie van die betrokke Woongids is aan die RNG gestuur om sy aandag te vestig op die moontlike lot van die huis. Wat nou bykomend kommer wek is dat die RNG weet wie in die besit is van die uitgebreekte deure, vensterrame en kaggels - dit is in 'n nuwe woonhuis ingebou - maar dat die raad geensins probeer het om die mense wat dit wederregtelik verwyder het, volgens wet te dwing om die skade te herstel nie of om ten minste 'n vervolging in te stel nie. NAVORSING Ironies ook is dat die stadsraad van Durbanville een van sy vooraanstaande oud-skoolhoofde en bewaringsbewuste inwoner, mnr. C.M. Stimie, versoek het om al die historiese huise op die dorp te dokumenteer en navorsing oor elkeen se geskiedenis te doen. Die taak is ywerig en met groot oorgawe deur mnr. Stimie aangepak en aan die stadsraad voorgelê. Daar is selfs sprake van 'n boek oor die navorsing. Dit wil voorkom of die stadsraad se onlangse poging om die slopery stop te sit, maar net 'n gebaar was om hom teen kritiek van die algemene publiek te probeer verweer. Die vraag duik ook op waarom die behoud van die huis nie verskans is toe die raad sakeregte aan die perseel toegeken het nie. Dit is nie die eerste histories belangrike en bewaringswaardige huis op Durbanville wat roekeloos gesloop is nie. GELATE AANVAAR Dit is per slot van rekening in die hande van die raad om die voorgenome ontwikkeling op die perseel toe te staan of af te keur en om voorwaardes te stel - soos byvoorbeeld dat die huis steeds behou word. Dit is ook ontstellend dat die publiek van Durbanville skynbaar geen duit omgee dat sy kulturele erfenis so roekeloos vernietig word nie. Dit is onbegryplik dat hulle gelate aanvaar dat so 'n mooi ou huis nou verruil gaan word vir 'n groot kafee, asof daar nie alreeds genoeg in die onmiddelike omgewing is nie. Die onwikkeling dring ook midde-in die gevestigde dorpsgebied wat nou kopers van alle vlakke tot op hul voorstoep gaan lok. Die geval lyk baie op Bellville se houding byna drie jaar gelede toe die historiese Doordekraal-opstal ter wille van ekonomiese massabehuising gesloop is. G'N WENKBROU GELIG Die stadsraad het toe ook sy skouers opgetrek en hom van alle verantwoordelikheid probeer onthef deur te sê dat die ontwikkelaar die opstal - die oudste bestaande gebou in die

Tygerberg - behoort te restoureer. En dit nogal nadat die eienaar bereid was om die perseel met die deels vervalle geboue gratis aan Bellville te skenk op voorwaarde dat dit gerestoureer word. Van die publiek het ook weinig reaksie gekom. Die RNG, wat indertyd ook goed ingelig was oor die aangeleentheid, het nie eens 'n wenkbrou gelig nie. STEPHANS-GEBOU Nog 'n historiese gebou, die Stephans-gebou in die Kaapse middestad, gaan binnekort waarskynlik deels gesloop word. Die RNG is skynbaar daarmee tevrede dat net 'n deel daarvan behou word. Dit gaan plek maak vir 'n moderne toring-gebou. Dit word byna daagliks al hoe duideliker dat die waghond oor Suid-Afrika se kultuurerfenis, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, amper tandeloos is. Boonop dwing hy in ieder geval nie die magte wat hy wel uit wetgewing verkry het, af nie. As die Kaapse stadsraad die eienaar van die historiese Long Cottage in Muizenberg verlede jaar kon verplig het om 'n dakkamer wat hy sonder toestemming aangebou het, af te breek en die huis ten volle te herstel, hoeveel te meer nie die RNG in die onderhawige geval in Durbanville nie. BESKAWING Die sloping van die huis sal tot skande van Durbanville en die RNG plaasvind. Dit het dalk nou tyd geword dat die Regering baie ernstig besin oor die toekoms van die land se gedenkwaardighede, wat volksbesit is. Wat hier aan die orde van die dag is, is 'n absoluut ondenkbare situasie in die meeste beskaafde lande van Europa. Die Franse letterkundige Honoré de Balzac het opgemerk dat die boukuns van 'n volk die uitdrukking van die beskawing van daardie volk is. Hy sou tereg in dieselfde asem kon sê dat die slopers van 'n volk se historiese geboue, ondermyners van daardie beskawing is.

Wonings Stadsrade Nasionale gedenkwaardighede Restourasie

**14/1/1989, Die Burger-Woongids, WORD MET HOFSTAPPE GEDREIG Ontwikkelaars, stadsrade struikelblokke, sê RGN**

Deur MARTIENS VAN BART DIE Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede is met hofstappe gedreig indien hy sou weier om 'n slopingspermit vir 'n historiese Victoriaanse dokterswoning in Durbanville uit te reik. Die eienaar-ontwikkelaar van die perseel regoor die munisipale biblioteek wil 'n Hyperette-winkelsentrum daar oprig. In 'n persverklaring wat vandeesweek deur die direkteur van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, mnr. George Hofmeyr, uitgereik is, sê hy dat die ontwikkelaar, Pepkor, laat blyk het dat hy die raad ``op 'n tegniese punt in die hof sou beveg.'' Dit is een van die hoofredes waarom die raad verlede maand teensinnig besluit het om nie die sloping van die huis te opponeer nie. TEENSINNIG Mnr. Hofmeyr het gereageer op 'n artikel wat verlede Saterdag in Woongids verskyn het waarin die uitreiking van die slopingspermit gekritiseer is. Dit was na aanleiding van 'n berig wat op 13 Desember in Die Burger gepubliseer is en waarin 'n brief - synde komende van mnr. Hofmeyr - aangehaal is. Die brief het gelui dat die huis ``sodanig beskadig is dat die RNG nie op die bewaring daarvan kan aandring nie. Derhalwe is met groot teensinnigheid besluit dat die sloping nie teengestaan sal word nie.'' NIE ONVERSKILLIG Volgens mnr. Hofmeyr staan die RNG beslis nie onverskillig staan teenoor Durbanville en in besonder sy ryk geboueskat nie - sy kritieke personeeltekort ten spyt. Hy het reeds in 1985 'n opname van bewarenswaardige geboue op die dorp opgestel en aan die stadsraad voorgelê. Die betrokke Victoriaanse huis in Hoofstraat was by die opname ingesluit. Die stadsraad het op 26 September 1985 skriftelik aangedui dat hy nie kommentaar op die verslag wou lewer nie, omdat hy ``nie in 'n posisie is om alternatiewe voordele aan die eienaars van die betrokke bewarenswaardige geboue aan te bied ten einde die bewaring van sodanige geboue te verwesenlik en aan te moedig nie.'' TEKORT AAN GELD Aangesien bewaring dikwels 'n vennootskap tussen instansies soos die RNG en plaaslike besture is, was die sienswyse van Durbanville se stadsraad noodwendig vir die RNG 'n terugslag. By implikasie het dit beteken dat die stadsraad nie bereid was om sy historiese geboue by sy beplanningstelsel te intergreer nie, het mnr. Hofmeyr gesê. 'n Tekort aan geld kortwiek die RNG ongelukkig om die eienaars van bewarenswaardige geboue te vergoed sodat die geboue behou kan word. SAKEDOELEINDES Hoewel die RNG sy ondersoek na die betrokke Victoriaanse huis voortgesit het toe Woongids sy aandag gevestig het op die beoogde sloping en perseel-ontwikkeling en later op die beskadiging van die huis toe deure, vensters, kaggels ensomeer wederregtelik verwyder is, was daar verskeie faktore wat die in situ-bewaring van die gebou bemoeilik het. Die huis is byvoorbeeld in 'n gebied geleë wat vir sakedoeleindes deur die stadsraad gesoneer is. Die huidige eienaar het die perseel spesifiek vir ontwikkelingsdoeleindes aangekoop vanweë die sonering en sentrale ligging daarvan. Dit het voorts geblyk dat die huis moeilik in 'n nuwe ontwikkeling geïnkorporeer kon word, het mnr. Hofmeyr gesê. KENNERS ONDERSOEK Toe die huis beskadig is en Woongids die RNG daarvan in kennis gestel het, het die raad onverwyld met die stadsraad in verbinding getree en is die ontwikkelaar in kennis gestel van sy wederregtelike optrede. Verdere ondersoek van die huis is toe gedoen in die geselskap van twee kenners van historiese huise, mej. Désirée Picton-Seymour en mnr. Gabriël Fagan, argitek. GEEN SKUIWERGAT Die ontwikkelaar het toe ook aangedui dat hy die RNG in die hof sou beveg. Die raad het teensinnig besluit om nie die sloping te opponeer nie, op voorwaarde dat die RNG voorsien word van 'n opgemete grondplan en deeglike fotografiese opnames van die struktuur van die huis en van sy vroeëre inhoud, soos die vuurherde. Dit is gevolglik nie bloot op grond van die gedeeltelike sloping van die huis dat die RNG die slopingspermit uitgereik het nie en dit kan geensins gesien word

as 'n skuiwergat vir ander ontwikkelaars nie. ONDERHANDELINGS Ten opsigte van die Stephan's-gebou in die Kaapse middestad is die primêre probleem die bestaande sonering vir sakedoeleindes wat deur die stadsraad toegestaan is. Die RNG het deur onderhandelings reeds meegewerk tot die bewaring van die histories-belangrike gedeeltes van die fasades van die gebouegroep en onderhandel steeds om die hoogte van die nuwe geboue te probeer verminder, het mnr. Hofmeyr gesê. VOORTDURENDE STRYD In die geval van Long Cottage in Muizenberg, waar die Kaapse stadsraad ingegryp het toe die eienaar veranderings aan dié geskiedkundige huis aangebring het, is die stadsraad se optrede gesterk deur die feit dat die RNG toe reeds in beginsel besluit het om die huis tot gedenkwaardigheid te verklaar, asook dat die RNG die eiendom onmiddelik wetlik bevries het nadat van die veranderings verneem is. Dit is 'n erkende feit dat die bewaring van alle elemente van 'n land se argitektoniese erfenis nie moontlik is nie. Die voortdurende stryd tussen bewaarders en ontwikkelaars sal hierbenewens sekerlik altyd bestaan. 'n Mens hoop egter dat alle Suid-Afrikaners nog meer bewus gemaak sal word van die waarde van kulturele bewaring, het mnr. Hofmeyr gesê. KRITIEKE PERSONEEL-TEKORT Hy het daarop gewys dat daar reeds sowat 4 000 verklaarde gedenkwaardighede oor die hele Suid-Afrika is. Dit is ten spyte daarvan dat daar 'n kritieke tekort aan vakkundige personeel is. Daar is tans net vyftien vakkundiges in diens van die RNG wat die hele land moet bedien. Benewens die bewaring van huise en geboue, resorteer argeologiese vondse, historiese artefakte, rotskuns en skeepswrakke onder meer ook onder die werksaamhede van die RNG.

**14/1/1987, Die Burger-Woongids, Durbanville het plan om gedoemde huis te red**

Deur MARTIENS VAN BART DIE burgemeester van Durbanville gaan met die ontwikkelaars van die perseel waarop 'n historiese Victoriaanse woning op die dorp staan - en wat tot sloping gedoem is - onderhandel om dit te red. Mnr. F.J. van Zyl het vandeesweek aan Woongids gesê die behoud van die huis lê hom en die stadsraad na aan die hart en hy gaan alles in sy vermoë doen om Pepkor, die ontwikkelaar en eienaar van die perseel, te oortuig om die huis nie te sloop nie. Mnr. Van Zyl het hom ook bereid verklaar om 'n burgemeestersfonds vir die behoud en restourasie van die huis (en ander gedenkwaardighede op die dorp) te stig. Maar dan moet die inwoners en ander bewaringsbewustes bereid wees om mildelike geldskenkings te doen om so 'n fonds lewensvatbaar te maak. Mnr. Van Zyl het gereageer op 'n rubriek wat verlede Saterdag in Woongids verskyn het waarin die beoogde sloping van een van die eerste huise op die dorp, die sogenaamde dokterswoning, onder die aandag van die publiek gebring is. Die eienaar wil 'n Hyperette-supermark in die plek daarvan oprig. Boumateriaal is reeds sonder toestemming van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede uit die huis verwyder. Die RNG het reeds 'n slopingspermit toegestaan nadat hy met hofstappe gedreig is (sien berig hiernaas). Mnr. Van Zyl het voorts gesê dat dit nie help mense sê behou en bewaar, as hulle nie bereid is om standpunt met geldelike skenkings te bekragtig nie. Mense vir wie dié saak hul erns is, kan regstreeks met hom in verbinding tree. Hy gaan in ieder geval as eerste prioriteit met Pepkor onderhandel om te probeer om die saak op die mees gepaste wyse te besleg. Alles sal van Pepkor se gesindheid en voorwaardes afhang wat van die huis word. Hy wil dit net duidelik stel dat die stadsraad werklik ernstig oor sy gedenkwaardige en bewaringswaardige huise besin het en dat die behoud daarvan vir hom 'n saak van erns is. Die geskiedkundige herehuis Rust en Vrede in die middedorp is 'n aantal jare gelde teen hoë koste deur die raad aangekoop en ten volle gerestoureer. Nog ander huise is ook al op die dorp tot gedenkwaardighede verklaar. Mnr. Van Zyl het 'n beroep op Durbanville se sakelui en ander kapitaalkragtige inwoners gedoen om hom by te staan om 'n bewaringsfonds op dreef te kry sodat die huis gered kan word. Die raad het indertyd, toe gemerk is dat boumateriaal uit die huis verwyder is, 'n stokkie daarvoor probeer steek. Hy kon hom egter nie dieper met die saak bemoei nie, omdat dit nie in die belang van die belastingbetalers is om eise vir inkomsteverlies en renteverlies van die eienaar of 'n hofgeding op die lyf te loop nie. Dit is baie jammer dat historiese geboue dikwels onoordeelkundig oor die hele land gesloop word. Die tyd het aangebreek dat 'n nasionale trustfonds gestig word waarin bewaringsbewustes geld kan stort vir die bewaring van sy historiese erfenis. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede kan nie alleen en met sy beperkte magte, geld en personeel die mas opkom nie. DURBANVILLE Die raad het indertyd, toe gemerk is dat boumateriaal uit die huis verwyder is, 'n stokkie daarvoor probeer steek. Hy kon hom egter nie dieper met die saak bemoei nie, omdat dit nie in die belang van die belastingbetalers is om eise vir inkomsteverlies en renteverlies van die eienaar of 'n hofgeding op die lyf te loop nie. Dit is baie jammer dat historiese geboue dikwels onoordeelkundig oor die hele land gesloop word. Die tyd het aangebreek dat 'n nasionale trustfonds gestig word waarin bewaringsbewustes geld kan stort vir die bewaring van sy historiese erfenis. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede kan nie alleen en met sy beperkte magte, geld en personeel die mas opkom nie. gedenkwaardighede wonings

**27/1/1989, Die Burger, Ou gebou in D'ville nou gedenkwaardigheid**

FOTO: S/W HET VERSKYN Van Ons Tygerbergse Kantoor DURBANVILLE. - Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) het onlangs aanbeveel dat een van die oudste geboue op dié dorp, waarvoor 'n aansoek om sloping vroeër ingedien is, voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid geproklameer moet word. Dié besluit is geneem nadat die stadsraad 'n aansoek van die eienaar om die gebou te sloop voorlopig geweier en vir kommentaar en 'n aanbeveling na die RNG gestuur het. Die gebou is 'n woonhuis in Oxfordstraat wat waarskynlik uit die eerste helfte van die negentiende eeu dateer. Volgens die RNG is die gebou van historiese waarde en mag dit nie sonder 'n permit van die Monumentekommissie gesloop word nie. Volgens mev. H.M.J. du Preez, streekverteenwoordiger van die RNG, was die betrokke perseel waarop die ou huis geleë is oorspronklik deel van 'n stuk grond op Pampoenkraal wat op 28 April 1801 aan Jan Nys toegeken is. Die perseel is daarna onderverdeel en die grond waarop die huis staan, is in 1840 aan Christiaan Fleck Bredenkamp verkoop. Die grond het daarna nog verskeie kere van eienaar verwissel. Die huidige eienaar, mnr. W.F.J. Steyn, het reeds vertoë tot die stadsraad gerig dat die betrokke erf vir sakedoeleindes gehersoneer word. Die raad het dit geweier. Mnr. Steyn is reeds verlede jaar deur die RNG in kennis gestel dat hy van voorneme is om die eiendom ingevolge die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede te verklaar. Dit sou aan die RNG die geleentheid gee om volledig ondersoek in te stel na die kwessie. &cchar1; Die RNG is tans besig met die voorbereiding van riglyne wat daarop gemik sal wees om plaaslike owerhede te help met die inwerkingstelling van opnames van historiese geboue. Die stadsraad is versoek dat besprekings tussen hom en die RNG in dié verband in die nabye toekoms gehou moet word. Die raad het vandeesweek besluit dat die RNG hom by die volgende raadsvergadering oor die kwessie kan inlig.

**21/7/1990, Die Burger-Woongids, Struweling tussen Pepkor, RNG kom reeds lankal aan**

Deur MARTIENS VAN BART Die huidige breekspul tussen die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en Pepkor Development Holdings oor die sloping van die historiese Marine Hotel in Muizenberg, en wat op 'n konfrontasie met verreikende gevolge kan uitloop, het 'n aanloop wat na 1988 terug strek. Pepkor het toe die RNG met hofstappe gedreig indien hy sou weier om 'n slopingspermit toe te staan vir die sloping van 'n Victoriaanse woning in Durbanville, wat deel uitgemaak het van die dorp se ontstaansgeskiedenis. Woongids het op 14 Januarie 1989 'n persverklaring van die direkteur van die RNG, mnr. George Hofmeyr, gepubliseer waarin hy die agtergrond van die sloping van dié historiese doktershuis geskets het. Omdat die RNG indertyd nie bereid wat om Pepkor teen te staan nie, het dié ontwikkelaar sy sin gekry en 'n moderne Hyperette-supermark daar opgerig - regoor die munisipale kantore. Mnr. Hofmeyr het indertyd die versuim van Durbanville se stadsraad om sy historiese geboue te beskerm, betreur. BERGZICHT-MARKPLEIN Pepkor was gedurende 1987 en 1988 ook betrokke by 'n opspraakwekkende geskil op Stellenbosch, toe hy met die steun van die stadsraad die historiese Bergzicht-markplein aan die Braak wou herontwikkel deur 'n supermark daar op te rig. Die Stellenbossers het so kwaai gekeer dat die stadsraad teen die ontwikkeling besluit het. Die saak was selfs na die Administrateur verwys. Ondertussen is die voorgenome winkelkompleks-ontwikkeling van Pepkor op die Marine Hotel-perseel in Muizenberg volgens berigte besig om op 'n kolossale mislukking af te stuur. Die stadsraad se stadsbeplanningsafdeling onder aanvoering van mnr. Neville Riley het dit al selfs beoog om verskeie eiendomme, onder meer ook 'n historiese Anglikaanse kerkie, te onteien sodat Kerkstraat verbreed kan word om die verkeers- en toegangsprobleem tot die Marine Hotel-perseel vir Pepkor op te los. WORD BESKULDIG Die stadsraad word nou daarvan beskuldig dat hy private eiendomme wil onteien om die belange van 'n ontwikkelaar te bevorder. Die provinsiale padingenieur se hulp gaan ook nou ingeroep word en daar is ook al gedink aan die bou van 'n tonnel onderdeur die spoorlyn om toegang vir afleweringsvoertuie tot die perseel te verkry. Na verneem word verloor Pepkor tans sowat R1 500 per dag weens die toegangsprobleem en die kanse is goed dat hy die projek sal moet laat vaar. In dié geval sal dit daarop neerkom dat dit die duurste futiele sloping van 'n historiese gebou in die geskiedenis van Muizenberg sal wees.

**21/7/1990, Die Burger-Woongids**

FOTO: BERIG HET AS ONDERSKRIF BY FOTO VERSKYN DIÉ pragtige Victoriaanse gebou wat deel was van Durbanville se ontstaansgeskiedenis en een van die bes behoue huise uit die vorige eeu op die dorp, is in 1988 deur Pepkor gesloop sodat 'n moderne supermark daar gebou kon word. Bewaringsbewustes het gepleit dat die huis behou word en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede was ook ten gunste van die behoud daarvan. Hy is egter met hofstappe gedreig as hy 'n slopingspermit sou weier, en het toegegee. Bewaringsbewustes wag nou om te sien wat die RNG gaan doen oor Pepkor se ``ongemagtigde'' sloping van die Marine Hotel.

**24/8/1991, Die Burger-Woongids, Oudste skakelhuis in Durbanville nou spog-restaurant**

‘n Skakelhuis aan Oxfordstraat, Durbanville, wat in 1835 gebou is en saam met 'n soortgelyke een langsaan (links op die foto) die oudste in Durbanville is, word tans as die Bo Verwachting-restaurant bedryf nadat dit onder toesig van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede gerestoureer is. Volgens die eienaar, mnr. Alf Baguley, was die huis eens deur sloping bedreig en is dit vir lank deur boemelaars as 'n nagskuiling gebruik, voordat hy dit onlangs gekoop en sorgvuldig laat restoureer het. Die gebou huisves nou 'n koffiewinkel en restaurant wat in tradisionele Kaapse kosse spesialiseer. Die minimum-veranderings is binne aangebring om die huis lewensvatbaar te kon bedryf en die oorspronklike karakter het behoue gebly. Elke vertrek het sy eie individuele naam, decor en atmosfeer. Mnr. Baguley het 'n lewendige belangstelling in oudhede en het met die hulp van 'n plaaslike historikus, mnr. Alf Wesson, 'n versameling foto's van Durbanville se vervloë dae opgebou. Die foto's versier nou die binnemure van Die Voorkamer. Mnr. Baguley vra dat mense wat ou foto's van Durbanville besit, met hom in verbinding tree. Sy nommer is (021) 96-9880.

**27/1/1993, Tygerburger, Durbanville-stadsraad weier sloop-aansoek RNG wil Victoriaanse gebou bewaar hê**

Marguerite Moody

'n AANSOEK om 'n gebou uit die laat Victoriaanse tydperk te sloop, is deur Durbanville se stadsraad op sy jongste vergadering afgekeur. Dit volg nadat die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) verklaar het dat dié ou huis, geleë te Vredestraat 21, van argitektoniese, historiese en kulturele belang is. Die aansoek om die sloping van die gebou, wat deel vorm van die Spiro-kompleks en vir besigheidsdoeleindes gebruik word, is verlede jaar deur die eienaar, Micmar-Beleggings, ingedien. In November het die stadsraad besluit om die aansoek na die RNG te verwys vir kommentaar voordat 'n besluit geneem word. Eers aan NG Kerk behoort Uit 'n verslag voor die raad blyk dat die RNG nie toestemming sal verleen vir die sloping van die ou gebou nie. Die huis is ook reeds 'n paar jaar gelede ingesluit by 'n lys van bewaringswaardige geboue in Durbanville wat deur die RNG opgestel is. Volgens die verslag het die grond aanvanklik, sedert 1834, aan die NG Kerk Durbanville behoort. Dit is in 1854 aan Pieter Francois en Cornelius Valkenburg de Villiers oorgedra, waarna dit in 1857 oorgedra is aan 'n trust vir ene George Donaldson, en in 1874 aan Benjamin Francois Duminy. Hierna het die ou huis in 1876 behoort aan Thomas Sampson, wat dit verbeter het en oorgedra het aan sy dogter, Elizabeth John Fowler, in 1911. Die eiendom het in hierdie familie gebly, oorgedra vanaf die 1876- oordrag aan Sampson tot die 1969- oordrag vanaf Gideon van der Westhuizen aan Micmar-Beleggings. Afwyking is toegestaan Volgens die dokument is die eiendom, wat deel vorm van erf 5279, sedert die vroeë sestigerjare aangedui as 'n algemene woonperseel. In 1987 is egter 'n afwyking van dié sonering toegestaan ten einde dit vir kantoordoeleindes te benut. Die raad het ook tydens die vergadering besluit dat voortgegaan word met hersonering van dié gedeelte van erf 5279 wat nog 'n algemene woonperseel is, aangesien die voortgesette afwykende gebruiksreg tot verskeie probleme aanleiding gee, soos bv. die slopingsaansoek van die eienaar. Dit is ook onwaarskynlik dat enige woonontwikkeling op die perseel sal plaasvind, en die struktuurplan vir Durbanville en sy noord-oostelike hinterland dui die area as 'n besigheidsgebied aan, lui die verslag. Noue skakeling met RNG Die hersoneringsproses sal egter in noue skakeling met die RNG en met die Provinsiale Padingenieur onderneem word, om te pas by die voorstelle gemaak in die struktuurplan.

**17/12/1994, Die Burger-Woongids, RNG weier sloping van Durbanville woning,Die eienaar van dié Victoriaanse woning op Durbanville wil hom sloop vir sake-uitbreidings.**

*Martiens van Bart*

Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het pas finaal geweier om 'n slopingspermit aan 'n sakeman van Durbanville uit te reik wat 'n Victoriaanse woning in die historiese dorpskern wil platslaan sodat hy sy winkel op die erf langsaan kan uitbrei. Mnr. T.B. Spiro van die firma Micmar Investments het onlangs teen die weiering van 'n vakkundige van die RNG, mnr. David Hart, om die permit toe te staan, by die streekkomitee van die RNG geappelleer. Dié komitee het mnr. Hart se besluit gehandhaaf. Hy het vandeesweek aan Woongids gesê die ou woning in Vrede Straat 21, op die perseel agter die hardewarewinkel Spiro's, tussen 1880 en 1900 gebou is. Naas 'n paar aanbouings is die woning nog net soos dit was toe dit gebou is. Dit is een van die min huise in sy soort wat op Durbanville oorgebly het en vorm saam met die paar oorblywende Victoriaanse wo nings in sy onmiddellike omgewing die historiese dorpskern wat bewaar moet word. Voor die ingang staan twee baie ou palmbome en 'n jakaranda. Die tuinmuurtjie en stoep van siersteen is relatief nuut. Aan weerskante van die huis is twee stoepkamers aan die begin van die eeu aangebou en agter is 'n kombuis met 'n vuurherd ook uit dié tyd. Die vooraansig van die huis is simmetries ontwerp met 'n spits voorgewel en twee spits endgewels. Daar is 'n spitsvormige lugrooster in die voorgewel. Twee besonder mooi gevormde skoorstene verrys langs die endgewels wat met kunstig uitgesaagde fassieplanke afgewerk is. Die twee kaggels binne is van gietyster en iets besonders. Die vloere, lyswerk en deure is van greinhout en in 'n baie goeie toestand. Van die binnedeure en vensters is met gekleurde glas versier. Met 'n bietjie sorg en opknapping kan die huis 'n pronkstuk wees. Die ruim erf is verwaarloos. Mnr. Hart sê die RNG is van mening dat die huis gerestoureer en gepas benut behoort te word sodat dit tot sy reg kan kom. Hy was tydens 'n inspeksiebesoek geskok om te vind dat die leë huis oop staan. Dit is 'n uitnodiging vir bosslapers en diewe om die gebou in 'n oogwink te verniel. 'n Woordvoerder van Spiro's wou nie kommentaar lewer nie en het gesê die huis is nie te koop nie. Mnr. T.B. Spiro, wat in Mouillepunt woon, besit meeste van die eiendomme op die straatblok reg in die middel van die historiese kern. Die stadsbeplanner van Durbanville, mnr. André Swart, het by na vraag gesê die erf (5279) is onlangs deur die stadsraad van woondoeleindes na sakedoeleindes gehersoneer. 'n Voorwaarde vir die sloping van die huis, sodat Spiro's kan uitbrei, was dat die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede sy toestemming daartoe gee. Die stadsraad het egter nie 'n standpunt vir of teen die voorgenome sloping ingeneem nie, het hy gesê. Dié belangeloosheid van die stadsraad ten opsigte van sy argitektoniese kultuurerfenis het enkele jare gelede 'n groot opskudding op die dorp en in bewaringskringe veroorsaak toe die Victoriaanse dokterswoning in die historiese kern, 'n besonder pragtige gebou, deur Pepkor gesloop is sodat 'n supermark, ``versier'' met prominente neonverligte kentekens, daar gebou kon word. Volgens 'n eiendomsagent op die dorp is daar talle bewaringsbewuste sakemanne wat in Vrede Straat 21 belang stel, maar omdat dit nie te koop is nie kan die huis nie tot sy reg kom nie. 'n Historiese huis hoër op in Queen Straat is enkele maande gelede gerestoureer en by die aftree- oord Huis Luckhoff as gemeenskapsentrum ingelyf. Verskeie ander ou huise is oor die laaste paar jaar ook op soortgelyke wyse tot voordeel van die hele dorp gerestoureer en herbenut.

**24/2/2001, Die Burger,Durbanville het sy karakter en individualiteit behou ten spyte van sy fenomenale ontwikkeling**

'n BESOEK aan Durbanville in die noordelike stadsgebied verbloem waarskynlik die ryk geskiedenis van dié dorp.

Durbanville het aansienlik baie gegroei sedert sy ontstaan in ongeveer 1825, maar het steeds sy individualiteit en karakter met 'n plattelandse atmosfeer en argitektuur behou.

Enkele van die uiteenlopende besienswaardighede is:

All Saints Kerk, Baxterstraat.

Dié Anglikaanse-kerk, wat 'n nasionale gedenkwaardigheid is, is in 1860 gestig en is 1892 vergroot is. Heelwat artikels van geskiedkundige waarde kan in die kerk besigtig word. Die oorspronklike kerkklok was voorheen 'n skeepsklok en dateer uit 1812.

NG Kerk, Weyersstraat.

Dié kerk is in 1826 gebou en nog een van Durbanville se besondere nasionale gedenkwaardighede. Dit het sedertdien heelwat veranderinge ondergaan, soos die uitbreiding van die voorportaal in 1859, 'n vergroting in 1891 en 'n nuwe klok in 1903.

Kings Court, Kerkstraat.

Dit is 'n Victoriaanse gebou en dateer uit 1894. 'n Afspraak moet gemaak word om die binnekant van dié merkwaardige woning te besigtig.

Natuurreservaat, Race Course-weg.

'n Besoek aan die Durbanville-natuurreservaat is 'n moet vir besoekers. Hier is inheemse plantegroei wat eie is aan die omgewing, sowel as 'n inligtingsentrum wat baie interessante leesstof bied. 'n Unieke eienskap van die reservaat is die feit dat drie soorte fynbos (Kus, Berg en Renoster) almal hier bymekaar kom. Die natuurreservaat is altyd oop vir die publiek.

Onze Molen, Hoogstraat.

Dié meule is waarskynlik in 1801 gebou en is een van slegs twee meulens in die Wes-Kaap. Dit is reeds vroeg in die 20ste eeu gebruik as 'n windmeule. Later is die dak, vlerke en masjinerie verwyder. Volgens tradisie het dit toe as 'n perdemeule gedien. In 1984 is dit baie versigtig opgeknap en op 17 Augustus van daardie jaar is dit as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Renbaan, Race Course-weg.

Dié renbaan het ontstaan as die Durbanville Gimkanaklub in 1922 en word steeds gebruik as 'n nasionale gimkanabaan. Dit het verander na Durbanville Turfklub in 1956 en is later ingelyf by die Milnerton Turfklub onder die naam van Kaapse Turfklub.

Rust-en-vrede, Wellingtonweg.

Dié historiese kompleks wat uit die 1840's en 1850's dateer is 'n argitektoniese vermenging van vier verskillende tydperke met gewels aan die voorkant wat onlangs van sloping gered is en teen groot koste deur die stadsraad opgeknap is.

Tot en met 1826 is dit as landdroshof en tronk gebruik. Die kompleks is in die hartjie van Durbanville geleëen is deesdae 'n kultuursentrum. Besoekers wat die binnekant van die kompleks wil besigtig, moet 'n afspraak maak.

Roostuin, Durbanweg.

Botaniese deskundiges erken die Durbanville-omgewing as een van die mees geskikte plekke vir die kweek van rose. In dié dorp se wêreldberoemde roostuin word ongeveer 800 verskillende rose gevind. Die proefbeddings word gebruik deur kwekerye van regoor die wêreld om nuwe roosvariteite te toets. Tee kan op Sondae van 3 nm. tot 5 nm. hier geniet word. Die roostuin is 24 uur per dag vir die publiek oop.

Durbanville-wynroete.

Die Durbanville-wynroete bestaan uit ses kelders: Diemersdal, Meerendal, Nitida, Bloemendal, Alltydgedacht en Durbanville-wynkelder.

**8/7/1992, Die Burger, Besonderse boek oor Tygerberg in 1993 Parow-stadsraad skenk R75 000 vir projek**

*Sebastian Pistor*

GOEIE vordering word met die beoogde boek oor die Tygerberg gemaak. Die manuskrip vir die boek, wat in albei landstale uitgegee gaan word en wat 'n gesogte versamelstuk kan word, behoort binne die volgende jaar voltooi te word. Hopelik sal die boek voor einde 1993 verskyn, sê prof. Niel du Plessis, samesteller en koördineerder daarvan. Die boek sal 'n beknopte oorsig van die geskiedenis en evolusie van die Tygerberg van die vroegste tye tot vandag behels. Waar moontlik sal van illustrasies, kaarte en lugfoto's gebruik gemaak word. Die grafiese werk sal, soos die res van die boek, van 'n hoë gehalte wees, sê prof. Du Plessis. Die medewerkers en die voorlopige hoofstukke waaraan hulle werk, is: * Dr. Hannes Theron van Stellenbosch hfst. 1: 'n Geologies-historiese oorsig van die Tygerberg en sy omgewing. * Dr.Tony Humphreys van Pinelands hfst. 2: Die geskiedenis van die mens in die Tygerberg-omgewing voor die koms van die blanke, vroeë interaksie met blankes. * Mnr. Alf Wesson van Durbanville hfst. 3: Die geskiedenis van die Tygerberg sedert die koms van Van Riebeeck tot en met die Tweede Wêreldoorlog (beperk tot die heuwels en die drie gebiede Bellville, Parow en Durbanville). * Dr. David Myburgh van Bellville hfst. 4: Stedelike ontwikkeling van die Tygerberg sedert 1945 (beperk tot Bellville, Parow en Durbanville). * Mnr. Jan Lambrechts van Stellenbosch hfst. 5: Landbou in die Tygerberg (beperk tot heuwels en Bellville, Parow en Durbanville). * Mnr. Barrie Low van Rondebosch hfst. 6: Die ekologie van die Tygerberg en omgewing. * Prof. Eon Smit van Durbanville hfst. 7: Prosedures vir die hantering van botsende eise op grondgebied met spesifieke verwysing na natuurbewaring en die Tygerberg. Die Stadsraad van Parow het reeds in Februarie vanjaar besluit om in die 1992/93-boekjaar R75 000 tot die projek by te dra. Die stadsklerk van Durbanville, mnr. Dennis Smit, het by navraag gesê dat dié dorp se stadsraad besluit het om nie aan die projek deel te neem nie. Bellville neem beslis aan die projek deel, volgens sy direkteur van administrasie, mnr. Sakkie de Villiers. Hy kon egter nie met sekerheid sê wat Bellville se bydrae daartoe sal wees nie.

boeke dorpe stadsrade

**19/4/1995, Die Burger, Generous contributing help swell T'berg Fund**

TWO contributions in memory of the late Alf Wesson of Durban ville and contribu tions by AD Consulting, the Tygerberg College and the Tygerberg Athletic Club, have resulted in the Save the Tygerberg Fund growing to R60762. The R100 contribu tioin of Miss H. Chenoweth of Gladstone Street in Durbanville in memory of Mr Wesson follows that of Mrs E.J. van Niekerk, who writes: ``Mr Wesson took great delight in the area. Although he had lived here for a comparatively short time, he decided to write a history of the Durbanville area. He knew the area better than most people. He had completed the notes for his book and was waiting for it to be published. We trust that the volume will still appear in spite of his demise. Durbanville is the poorer for his passing." The money is needed for the completion of an essential ecological research project. Contributions can be sent to Save the Tygerberg Fund, Tyger-Burger, PO Box 747, Bellville 7530. Tyger-Burger recognises contributions received so far:

- H. Chenoweth.....R 100
- E.J. van Niekerk.....R 100
- Janet Koning, Durbanville.....R 10
- Tygerberg Athletic Club.....R 100
- Tygerberg College.....R 630
- AD Consulting.....R 100
- Parow Seniors.....R 100
- P.A. Grundlingh.....R 100
- Tygerberg Family Walk.....R 750
- Tyger-Burger dance.....R 6 104
- D.F. Malan High School.....R 377
- Kenridge Primary School.....R 546
- M.M. van Zyl (Double Grow, Anton's Compost Services).....R 150
- B.E.J. Bowers.....R 20
- Parowvallei Preparatory School.....R 100
- Gene Louw Primary School (st. 1).....R 170
- D.S. Pentz, Durbanville.....R 100
- Vredelust Senior Groep.....R 200
- Bellpark Primary School.....R 200
- Round Table, Durbanville.....R 150
- Monumentpark High School.....R 205
- Junior City Council Parow.....R 250
- Anonymous, Goodwood.....R 100
- Volkskas, Goodwood.....R 250 L.
- Meyer (night emergency numbers).....R 55 N1
- Value Sentrum.....R 553
- Methodist Centre, Bellville.....R 125
- A.F.P. Maree, Bellville.....R 100
- Welgemoed Preprimary School.....R 200

- Parow High School.....R 650
- De Vrije Zee Primary School.....R 200
- Gene Louw Primary School.....R 517 Parow North Primary School.....R 250
- Wiehman, Parow.....R 100
- P. de Villiers.....R 100
- Tygerberg Garden and Flower Club.....R 200
- Adnil Estates.....R 150
- Caltex Refinery.....R 2 000
- Kynoch.....R 1 000
- M.M. van Zyl (Double Grow).....R 100
- Super Plants.....R 1 750
- Volkskas, Table View.....R 500
- Parow tax payers (Ward 6).....R 500
- Norman Taylor, Panorama.....R 250
- KOD Centre for Conservation Education.....R 100
- Dr. J. Wicht.....R 50
- B.W. Schultz.....R 100
- N.W. Marais.....R 100
- Volkskas, Wynberg.....R 200
- Stodels Nursery.....R 1 750
- De Tyger Primary School.....R 700
- Volkskas, Bellville.....R 100
- Anonymous.....R 100
- Dr. N. Liebenberg, Parow.....R 100
- Prof. N. du Plessis, Bellville.....R 200
- Adriaanse, Parow.....R 100
- Tyger-Burger.....R 5 000
- SA Nature Foundation.....R32 000
- TOTAL R60762
- fondse skenkings